# LEON DU PLESSIS

**Datum:** 08 Oktober 2010
**Plek:** Pretoria
**Vraagsteller (V):** Lize-Marie van der Watt | Geskiedenis Departement | Stellenbosch Universiteit
**Antwoordsteller (A):** Leon du Plessis | Elektriese tegnikus| SANAE 41| 2002

**V** Hoe het dit gekom dat jy die eerste keer af is Antarktika toe?

**A** My eerste keer toe ek af was, was ek deur die Universiteit genader. Ons was deel van 'n span wat die herontwerp gedoen het op die radar en dan die rheometer. Wat aanvanklik deur die Potchefstroom Universiteit geonderhou en geontwerp is.

**V** En wat het jy vooraf geweet van Antarktika?

**A** Eintlik niks. Hoegenaamd niks nie.

**V** So dit was nooit een van jou drome gewees nie?

**A** Ja, dit het 'n droom op 'n stadium geword, want ons kantore was so gesitueer dat die elektroniese kant reg oorkant die Antarktiese eenheid was. So dit was altyd interessant, en hulle het altyd saam met ons tee gedrink en daar was altyd stories wat oor en weer gevlieg het. So ja nee, dit het interessant geraak. Dit het 'n ou se *adventurous side* uitgelok.

**V** Dit was in watter jaar gewees dat jy begin help het met die herontwerp van die goed ?

**A** Dis 1999.

**V** 99. En toe is jy eers af vir 'n oorname?

**A** Toe was ek af vir die 99/2000 oorname. Die millennium oorname.

**V** Het julle iets spesiaals gedoen vir die feit dat dit millennium oorname was?

**A** Daar was nie tyd nie. Niks spesiaals nie. Ek kan onthou dat die skip was bietjie vasgeval, so dit het ons tyd vir installasie baie min gemaak. So, ja nee, niks spesifiek is gedoen vir die millennium, behalwe die normale feesvierringe nie.

**V** So die skip het vasgeval oppad af Antarktika toe. Vir hoe lank omtrent?

**A** Joh, ek is nie doodseker nie. Ek dink dit was in die orde van, ons was eenkeer vir 'n week vasgeval, en ek dink daarna was dit vir 3 of 4 dae weer daarna.

**V** Het julle julself maar los gewikkel?

**A** Ja.

**V** Moes 'n skip van buite kom?

**A** Nee, geen hulp van 'n ander skip nie. Ek het meeste van die tyd maar net gewag dat die ysplate skyf en dan aan my kruin gevat, en dit heen en weer geswaai om die skip los te wikkel uit die ys uit.

**V** Toe jy die eerste keer af is, is daar 'n tyd wat mens besef jy kom aan in Antarktika?

**A** Ja. Ja nee kyk, daar is so feesviering wat gebeur op 66, dat hulle jou... Nou die *initiation*, waar hulle jou laat weet nou eintlik wat jy jou kan voorberei in terme van koue. En dan outomaties die ysberge wat van die kante af kom, wat jy sien soos jy aangaan, laat jou besef jy is nie meer in groen weivelde of waar daar bome is nie.

**V** Het jy vir Koning Neptunis ontmoet?

**A** Ja. Persoonlik. Redelik persoonlik ontmoet. Ja.

**V** Wie was julle Koning Neptunis?

**A** Ons *King Neptune* was, nou moet ek eers mooi dink... Dit was een van die skiplede gewees. Ek kan nie presies onthou wie dit was nie.

**V** Wie was daardie jaar saam? Of was dit nog die lugmag gewees?

**A** Lugmag. Ja. Hulle was af as vlieëniers gewees. En die DCO vir daai oorname was Henry Valentine gewees.

**V** Was hy self die DCO gewees?

**A** Ja. Hy was self die DCO vir die oorname gewees.

**V** En wanneer, was Henry Valentine toe al hoof gewees van SANAE?

**A** Ek glo nie. Nee. Ek glo nie hy was toe al direkteur gewees nie.

**V** Hoeveel moes jy insit in die voorbereidings vir daardie oorname? En wat moes jy voorberei ? Ek bedoel, julle moes die rheometer gaan herontwerp. Het jy die herontwerpte een toe alreeds afgevat? Moes jy gaan kyk het na die omstandighede? Wat was jou opdrag gewees?

**A** Kyk, daar was, toe was ek nog 'n junior elektroniese tegnikus gewees. Nee, al die nodige kennis en die ontwerp detail en daai was tussen André Benadie gewees, en dan Hennie Stassen wat nou meer aan die siviele kant, die struktuur kant was. So hulle het al die kennis gehad, so ek het basis op daai stadium net instruksies gevolg, en dan na die beste van jou vermoë as jy iets optel waar jy kan verbeter, dit verbeter.

**V** So daar is nie spesifiek aan jou opleiding gegee of opdrag gegee om ...

**A** As jy vir Oom André Benadie ontmoet het al, sal jy verstaan jy het niks meer nodig nie. Hy sal vir jou alles verduidelik tot in die fynste detail.

**V** Was hulle saam afgewees? André Benadé...

**A** Nee. Al wie saam met ons op daai span af was, was Hans Grobbelaar, wat 'n instrumentmaker is. So hy het, hoe sal ek sê, aan die struktuur en daai tipe goed gewerk , waar ek meer op die elektroniese kant was van die goed wat geïnstalleer was. Maar, as jy afgaan Antarktika toe het jy jou hooftaak wat jy doen, maar daar is soveel by-take ook. Jy gaan nie spesifiek af net as 'n elektroniese ingenieur nie. Jy sal 'n graafswaaier wees, jy sal 'n wat ook al by wees. So jy het nooit een *purpose* waarvoor jy afgaan nie dis altyd 'n multi-...

**V** En as julle aankom by die nuwe basis of by die ou span, wat het hulle julle gegroet..?

**A** Ja, ...

**V** Hoe het dit gelyk?

**A** Die, kyk, ons is van die skip af ingevlieg. Ons het toe ons daar geland het, omdat ons deel van Hennie Stassen se span was het hy die ysondersoek gedoen. Menende te kyk of ons op die paaie ys kan aflaai. So ons het daai ondervinding saam met hom gedoen om die ys te gaan toets. En daarna is ons ingevlieg SANAE toe. So die oomblik as jy op die *helipad* land ontmoet hierdie gebaarde span jou wat soos *barbarians* lyk. En dan het hulle so 'n klein ritueel, waar hulle jou, jou net mooi welkom heet in terme van 'n sterk dosis, van wat ook al hulle vir jou voer. So, maar ja, dis 'n ding wat ek gesien het wat weggeval het na die einde van die jare. Die mees onlangse spanne doen nie meer so tipe van *initiation-welcoming ceremony* nie.

**V** Wat was jou eerste indruk gewees van Antarktika?

**A** Dis wit.

**V** [lag] Dis wit.

**A** Ja, nee. Dis nogal *amazing* om te sien dat wit in soveel skakerings kan wees. Jy weet, as jy hier is Suid-Afrika het jy, wit is wit, maar daar onder is daar so veel skakerings van wit dat jy vir 'n oomblik, dink dis, net *amaze* staan van wat met wit gedoen kan word.

**V** Julle het toe tydens daai oorname die rheometer opgesit?

**A** Ja, ons het die ou een wat gebreek het deur die span weggevat. Ons het die nuwe installasie van die nuwe rheometer gedoen en sodoende ook die nuwe instellasie van die radar gedoen.

**V** En toe het jy daai oorname reeds geweet jy gan dalk af vir 'n jaar? Volgende jaar?

**A** Nee, nee glad nie.

**V** Glad nie. Het jy gedink jy sal graag wil, tydens die oorname?

**A** Ja. Ek het, ja. Want ek dink daai oorname was baie gedruk vir tyd in terme van, daar was baie werk om te, wat gedoen moes wees. 7 uur in die oggend tot 11 uur die aand was ons werksure gewees om dit te kan afhandel. So ’n ou het die kans gekry om baie van Antarktika te sien, behalwe dit wat jy buite gesien het met *exploring*. So dit het die gedagte ge*trigger* om vir ’n jaar af te gaan.

**V** Okay toe kom jy nou terug en hoe gebeur dit toe dat jy vir ’n jaar afgaan?

**A** Prof. Harm Moraal was die direkteur van die Eenheid vir Ruimte-navorsing op Potchefstroom, en hy het my op ’n stadium genader omdat daar baie van die elektronika-gedeelte, van die navorsingsprojekte *outdated* was. So hy het my toe nou op ’n stadium gevra of ek wil afgaan om die goed te gaan opgradeer, en dan sodoende ook dan sommer elke jaar deur, waarop dit neergekom het.

**V** Het Antarktika bekend gelyk toe jy die tweede keer daar aankom?

**A** Bietjie meer, ja. Ja, die eerste keer is maar, is maar, jy gaan in die onbekende in. En daar is baie van die ouer mense wat stories vertel en jy moet dit opweeg. Party wil jou bangpraat, party wil jou moed in praat en jy moet daai lyn kan trek. So die tweede keer was jy soos ‘n, amper ’n gesoute een wat afgaan. Jy weet dan redelik alles.

**V** Ek het, ek ken nou nie die spanlys uit my kop uit nie, was jy spanleier gewees of was iemand anders spanleier?

**A** Nee, ek was, Kobus Steyn was ons spanleier gewees. Ek was die onderspanleier gewees, die *deputy*-spanleier gewees.

**V** Hoe was julle spansamestelling gewees? Was julle klomp mans?

**A** Ja. Klomp mans en een vrou. ’n Vroue-dokter, Meraai Smit was ons...

**V** Meraai Smit?

**A** Ja, dit was die vroue-dokter.

**V** Was julle net wit mans gewees?

**A** Nee, dit was een swart, Joshua Nkosi. En dan 3 kleurlinge, Willem Truter, Nole Green, en Steven Jantjies.

**V** So julle was ’n redelike diverse span? Wat verskillende goed aanbetref.

**A** Ja, en ons *radio-tech* het saam met ons ons spanopleiding gedoen en afgegaan en toe was hy medies ongeskik verklaar voordat hy kon afgaan. Toe het die vorige span se *radio-tech* vir nog ’n jaar aangebly.

**V** Wie was dit gewees?

**A** Anton Grobler.

**V** Hoe was dit gewees om iemand daar te hê wat al vir ’n jaar lank daar gebly het?

**A** Nee, interessant. Ons is baie goeie vriende so, dis nogal ’n ou met- partykeer dink ek dit is goed om ’n ou te hê wat al die vorige jaar daar was wat al die *ropes* goed ken. Want daar is fyn goedjies in die basis wat party mense moet uit-*figure* wat hy al lankal sou weet. So aan die een kant is dit goed. Ek glo dit het sy voor-en sy nadele.

**V** As jy praat van klein goedjies, soos wat sou dit wees?

**A** Ag, soos pype wat vries tussen *links*. En jy weet nie hoekom nie en hy weet presies as jy nie water daar kry nie dan is dit daai pype wat gevries het. Sulke klein goedjies.

**V** Julle spanvoorbereiding. Was dit nog hier in Pretoria gewees?

**A** Ja., dit was in Pretoria gewees.

**V** Wat het dit als behels?

**A** Dit het ’n naweek van bergklim ingesluit. *Absailing*, wat wat, wat. ’n Dag van *fire-training*. Ek dink ’n dag van medies. En dan was daar bietjie geestesvoorbereiding wat ons saam met ’n kapelaan gedoen het maar hy was die heeltyd saam met die spanleiers. Ek dink meer vir hom te evalueer of te identifiseer...

**V** Was die kapelaan saam met julle af gewees?
**A** Ja, hy was saam met ons af gewees.
**V** Net gou-gou. Vir oriëntasie, dit was SANAE nommer?
**A** 41
**V** SANAE 41?
**A** Dis korrek ja, SANAE.
**V** Toe julle nou daar aankom dan is dit die oorname. Wanneer kry mens die idee dan jy nou begin aanpas?
**A** Ek sou se dat dit vat so – kyk né, in die oorname hoe dit begin, gewoonlik is dit jy is te bly om daar te wees en jy is bly dat al hierdie mense hier is en almal ondersteun jou en daar is net opleiding. Maar jy bereik 'n stadium dat jy voel, "Dis nou tyd dat julle gaan en ons jaar begin." So ek sou sê gewoond raak was omtrent, die skip vertrek vroeë Februarie so ek sou skat so middel-Maart het 'n ou redelik gemaklik begin raak want dan is jou hele span ook terug. Van die spanne ry van die, 'n gedeelte van die span, ry die *cargo en* goed en die Caterpillars trug van die bukta af. So as almal nou daar is en almal inge-*settle* is dan vat dit gewoonlik nog so, volgens my, so 2, 3 weke dan is alles mooi geolie en jy weet dan jy's nou daar. Dis nou waar jy is.
**V** Wat was jou dag tot dag werk gewees die jaar?
**A** My dag tot dag werk was, ek sou, ek het myself geprobeer dissiplineer om 8 uur in die oggende te begin werk. Dan sal ek gewoonlik data aflaai van verskillende navorsingsinstrumente, sal die data geredigeer het soos wat hulle dit noem, en dan data wat snaaks lyk aangestuur terug pos toe vir analise of om te vergelyk met ander stasies. En dan van die kant af maar begin regmaak van instrumente. Herontwerp. So dis maar my dag , so 8 uur in die oggend het ek gewoonlik begin met my data. 'n Koppie koffie seker so teen 10 uur, ontbyt gaan doen saam met die *radio-tech*, ek het dit saam met hom gedoen, middagete, as daar direk goed is, maar 'n gewone dag het so in die orde van 3 uur geëindig.
**V** Het julle besoek gekry van ander lande, van ander spanne , in julle jaar?
**A** Aan die begin, rondom Maart was daar 'n vrou, Cathy, as ek haar naam onthou, sy was van BASS, sy het vir omtrent 'n week daar by ons gebly, want die Britte was besig daar met magnetiese observasies met hulle vliegtuigies en goeters. Maar ja, gedurende winter maande kry jy geen besoekers nie, en dan weer aan die einde, hier November se kant begin die wat weer inkom, die vliegtuie en als. Nog gesigte wat dan kom.
**V** So het julle Noorweërs gesien?
**A** Ja.
**V** Franse?
**A** Noorweërs, Russe en dan jou Duitsers.
**V** Het hulle oorgebly, soms?
**A** Ja. Soms oorgebly.
**V** Wie het die lekkerste saam gekuier?
**A** Die Duitsers.
**V** Die Duitsers?
**A** Die Duitsers en die Russe verstaan 'n ou nie altyd nie maar, dit lyk altyd of hulle lekker kuier.

**V** Het die Russe vir julle vodka gebring?
**A** Nee, die 2 wat oorgebly het, dit was aan die einde van ons jaar, dit was 2 *pilots* wat daar was. So nee, hulle het niks gebring nie, maar hulle, ons het deur die jare 'n brousel gedoen, ons het gestook so op 'n stadium. Maar wat gebeur het daar is dat sekere ouens het 'n goeie kwota drank saamgevat was ander s'n het opraak. So as jy in die aande in die *bar* sit en bietjie ontspan, dan kyk hulle jou met leep ogies aan. So toe het ek en die radio-tech op 'n stadium besluit, saam met die spanleier ons gaan bietjiedie ou appels stook. So toe het ons 'n mooi mampoer brouseltjie daar aanmekaar geslaan wat gewerk het vir die ander ouens. Toe kon almal darem

rustig sit en kuier.

**V** Wat het die Russe gesê van julle mampoer?

**A** Die Russe, wat interessant is, ek dink, as ek dit nou mag sê, ons sterkste drinker in ons span was ons meganiese ingenieur gewees. En hy het dit gedrink met 'n mengsel van wat dit ook al was, ek dink dit was Coke. Die Russe drink dit skoon. Hulle gooi dit in 'n lang brandewynglas en hulle sit dit net terug.

**V** [lag] Joh!

**A** Ja, en dan het hulle geen probleem nie. Dis, ek dink dis eintlik *amazing* mense daai en die volgende oggend vlieg hulle, ek sou definitief 'n verskriklike *hangover* en kopseer gehad het, maar vir hulle, vir hulle is dit niks nie.

**V** Jy het genoem julle het soms gekuier in die kroeg. Was anders het julle gedoen vir ontspanning?

**A** Kyk, in die somermaande uitgegaan krewasse gaan klim ek het baie belang gestel in fotografie, ek en die radio-tech en ons spanleier. Ek het veral skyfies ontwikkel. So dit was so bietjie van 'n tydverdryf. Ja. Meestal maar *abseiling* en daai tipe goed. *Obviously* video's gekyk. Daar is darem tafeltennis, snoeker en daai tipe van goed. Olimpiese tipe ding aangepak.

**V** Het julle gaan vakansie hou?

**A** Nee, ons, ons span het nie vakansie gaan hou nie. Ons het gewoonlik, was daar 3 ouens wat konstant eintlik meer 4, as daar 'n *gap* was om iets te gaan doen het ons gegaan, maar die res van die span sou afgewissel het. Sekere kere sal 'n ander ou saamgaan maar nie altyd, jy het maar die konstante 4, noem dit maar jou *adventurous* tipe van manne gehad.

**V** Hoe was die spandinamika gewees in so diverse span?

**A** Ek weet nie wat presies jy wil hoor daaruit nie?

**V** Wat is die eerste ding wat jy wil vertel?

**A** Daar is sekere ouens wat saamgestaan het, saam ouens sekere belange gehad het wat ooreengestem het en goed saam gedoen het. Daar was ander mense wat se slaappatrone heeltemal *haywire* gegaan het so jy het hulle, ons span se reël was die aandete moet jy bywoon. Dit was so tipe van 'n *rollcall* net om te sien of almal nog op die regte pad is. Maar ek meen, as jy na SANAE basis kyk, van die lug uit is dit maar n spikkeltjie in die ys, maar jy kan in daai basis gaan dat jy vir 'n ou nie vir 'n week sal sien nie.

**V** Mera... Wat was julle dokter se naam?

**A** Meraai.

**V** Meraai? Nou hoe het dit gegaan met een vrou en nege mans op die basis?

**A** Meraai. Meraai is 'n baie interessante persoon. Sy het 'n baie sterk persoonlikheid so sy het, het sy maar die normale gehad saam met wie sy gekuier het. Sy het met die hele span gekuier. Maar nee, as jy wil enige *detail* wil hê, nee, daar was nie enige liefdesverhoudings nie. Daar was nie *fights* nie.

**V** Maar as spanleier en onderspanleier is daar vir julle 'n spesiale deur *briefing* gegee deur SANAE wat gesê het, ok, daar gaan nou net een vrou saam julle moet dit doen of dat doen...

**A** Ja. Nee, die ding is ek dink, ek dink hulle het Meraai juis opgeweeg, juis omdat ek se sy het 'n baie sterk persoonlikheid. Jy hoef nie vir haar op te kom nie sy kom vir haarself op. As sy gevoel het iets is nie reg nie, het sy dit reguit gesê. So nee dit was...

**V** Maar hulle het, daar het nie vooraf van SANAP self 'n ding gekom wat hulle vir jou en Kobus ingeroep het en gesê, maar hoor hier julle gaan nou met hierdie een meisie moet saam...

**A** Nee. Ag nee, nie regtig nie.

**V** Ek wil, ek gaan bietjie hardloop deur die jaar want daar is baie om daaroor te praat. Vertel my bietjie iets van die winter.

**A** Die winter, ek dink die winter vir jou wetenskaplikes is baie interessant. Vir die span ook tot op 'n mate. Want die wetenskaplikes, in my geval, doen die, het die opnames gedoen vir al die

auroras, so dit was werkstyd vir jou. Dit het jou besig gehou. Waar die ander ouens, nag is nag, jy kan nie uitgaan nie want dis te koud. As jy uitgaan, gaan gooi jy die sneeusmelter en dis dit. En dan, ja, vir my was dit een van die *amazing*-ste goed om auroras te kan afneem en te verfilm en dan die navorsing daarop te kan doen.

**V** So het jy self ’n graad gekry of artikels gepubliseer uit jou jaar?

**A** Nie uit daai jaar nie. Nee.

**V** Nie uit daai jaar nie. En later jare?

**A** Ja. Dit was deel van die Beryllium 10 projek.

**V** Ekskuus?

**A** Beryllium 10 projek.

**V** Beryllium 10?

**A** Ja. Dis ’n *ice-coring* projek wat ons gedoen het saam met die University of Maryland, as ek reg kan onthou. En dit was ’n projek wat deur Prof Harm Moraal geïnisieer was.

**V** Watter jaar was dit?

**A** Hy het gestrek van 2003 af, tot 2005.

**V** Wat het julle met die *ice cores* gedoen?

**A** As jy gaan kyk na Antarktika se yswal het hy jaarringe in. Dit het julle gesien. So elke blou tot blou beteken ’n somer tot somer. As jy ’n ys-*core* gaan uithaal daar en jy breek hom af tot in sy fynste deel, kry jy ’n gedeelte wat Beryllium 10 genoem word. Beryllium 10 se leeftydperk is amper oneindig. So die hele ding het gekom van om kosmiese strale te meet. Wat gebeur het, is reg oor die wêreld is daar klomp neutronmonitors wat kosmiese strale meet, maar niemand het ooit geweet of almal dieselfde tel nie, of daar ’n gemiddeld of ’n gelyke of ’n standaard daaraan is nie. Toe het ons ’n kalibrasiemonitor op ’n stadium gebou, wat al hierdie neutronmonitors teen mekaar getel het. En toe kom die vraag op ’n stadium, maar wat is die standaard? Nou het ons almal getel en ons weet wat is die verskille tussen die kalibrasiemonitor en wat is die standaard. Wat is die regte standaad. En toe uit hierdie *ice cores* het ons die klein *particles* onttrek en ons kan bepaal wat was die standaard. 30 Jaar se data.

**V** Waar het julle die *ice cores* ge-*dril*?

**A** Dis nie eintlik *ice cores* nie. Dis meer eintlik *ice wedges* wat ons net uit die *ramp* uitgesny het by die bukta self.

**V** O okay. So dit was sommer net ys, wat noem jy dit? Nie *cores* nie, *wedges*. As *wedges* uit die *ramp* uit. Watter jare was jy daarby betrokke gewees?

**A** 2003 tot 2005.

**V** O was jy heeltyd daarby betrokke en dit het jy gedoen tydens die oornames?

**A** Ja, dit was tydens die oornames gewees.

**V** Okay,Midwinter, vertel my gou-gou iets oor midwinter. As mens gou-gou iets kan vertel, jy kan baie lank vat ook.

**A** Midwinter, ek meen, omdat die winter nou die stilste tydperk daaronder is, het ons ’n midwinter week gehad wat afgegaan het, voorafgegaan was deur as ’n hele klomp Anarktiese Olimpiese Spele. So net om dit interessant te maak met  verskillende sportaktiwiteite. Midwinter was vir ons maar, ek dink wat die tradisie is, is ’n ordentlike drie-gang maaltyd waar almal om ’n tafel sit, en ge-*collar* en ge-*tie* is. So die het ons gedoen en maar afsluit met ’n ordentlike partytjie in die *bar*.

**V** En die volgende oggend? Het jy weer vroeg opgestaan en gewerk?

**A** Die volgende oggend gewoonlik is nie ’n werksdag nie.

**V** [lag] Is daar enige besondere boodskappe wat julle gekry het midwinter?

**A** Nee, dit was bietjie lank terug. Ek sal nie nou kan sê nie.

**V** Het die Departement van Omgewings sake vir julle ’n boodskap gestuur?

**A** Ja, nee, ons het van hulle gekry, ons het van die Weerburo gekry, universiteite, verskillende basisse, ja. 'n Interessante ding wat ons in ons jaar gedoen het ons het *darts* gespeel met die Duitsers oor 'n radio. Dis, daar is baie eerlikheid betrokke by die tipe van *game*. So ja. Ons het 'n paar keer teen hulle gespeel en pryse soos, hulle moes vir ons, hulle het 'n sekere voertuig wat hulle gebring het, hulle Pistenbullie[ Pisten Bully] en toe het hulle die een *dart game* verloor toe moes hulle vir ons 'n Pistenbullie bou en die einde van die oorname het hulle dit vir ons aangestuur en vlae heen en weer gemaak met handtekeninge en daai tipe van ding.

**V** O so julle het toe op die ou einde fisies kontak ook gehad met die Neumayer...

**A** Ja, wat SANAP gewoonlik doen aan die einde van die oorname is hulle vlieg ons, die span, oor vir 'n dag na die Duitsers toe. En dan gaan maak jy met hulle kontak

**V** Wanneer begin mens voorberei vir die oorname as jy vir 'n jaar daar is?

**A** Man, bestellings en daai tipe van goed vir nuwe voorrade en daai tipe van goed begin hier omtrent in Augustus. Dis nou wanneer jy begin lyste maak vir nuwe parte, maak nou nie saak of navorsing of logistiek vir die basis nie, so hier in Augustus, einde Augustus begin dit.

**V** En dan is daar 'n tyd wanneer jy besef, okay, die mense kom nou nader en die tyd wat...

**A** Die, ja, want die, outomaties is ons in radiokontak met die skip. Of jy kan hoor hulle kom al nader en al nader. En ek sal nou nie sê jy raak benoud nie, maar jy raak opgewonde om nuwe mense te sien. En dan totdat hulle in die basis kom. Dan het jy hierdie mense wat jou, jou huis kom oorneem, waar jy al vir 'n jaar lank gebly het. Dit voel soos *invaders* as mens dit so kan stel. En hulle maak net wat hulle wil in jou huis.

**V** Toe jy terugkom in Suid-Afrika, na 'n jaar, het jy iets gemis?

**A** Kentucky.

**V** En van Antarktika toe jy terug is in Suid-Afrika?

**A** Die stilte, die rustigheid. En ja, al die gejaagheid hier in Suid-Afrika was, was verskriklik. Ek kan onthou my ouers het my kom haal en my pa-hulle wou terug kom plaas toe. Ek het nie die nut daarin gesien om te jaag nie. Want alles is rustig. Ja en dan natuurlik die temperatuurverskil was 'n aanpassing gewees.

**V** Hoe het jy toe betrokke geword as wetenskap koördineerder?

**A** Wel die, as *scientist*, bly jy aan by die Potchefstroom Universiteit om jou navorsingsdata af te handel.

**V** Maar is dit nie gewoonlik maar so 2 of 3 maande wat jy aanbly nie?

**A** Ja, nee, dit is inderdaad so, maar, Potchefstroom Universiteit het 'n behoefte gesien vir 'n tegniese persoon om aan te bly. En ja, toe het ek daai pos gevul tot op 'n stadium.

**V** Hoe baie het die feit gehelp dat jy vir 'n jaar daar was? Teenoor koördinerende bestuur?

**A** Wel, ek dink dit is belangrik om die strukture te ken want met enige projek moet jy die patrone ken waarvolgens sekere goed gedoen moet word, om die logistiek afgehandel te kry. So ja, definitief my agtergrond het 'n groot bydrae tot dit gehad. Soos met mense wat nuwe projekte wil installeer, jy weet, sekere goed moet deur PPD gedoen word, sekere goed kan nie. So ja, dit het 'n voordeel gehad verseker.

**V** Wie het gevra dat jy moet afgaan as 'n *Chief Scientist*?

**A** Gewoonlik word dit, as ek reg kan onthou word dit aanbeveel deur, op daai stadium was dit by die Universiteit van Potchefstroom, Durban, en ek dink Stellenbosch was betrokke op daai stadium. Die Universiteit van die Kaap, dis waar die geoloë ingekom het. So in elk geval, so dit het, ek dink dit is maar die direkteure soos Prof Harm Moraal-hulle wat met mekaar gesels en 'n ou *nominate* wat moet afgaan.

**V** Moes jy dan verslag lewer aan 'n spesifieke komitee?

**A** Ja kyk, ...

**V** Vir wie het jy ’n verslag geskryf? Vir SANAP of vir...

**A** *Yes*.

**V** WNNR of vir NRF?

**A** Nee. Ek skryf my verslag aan Prof. Moraal, en hy sal dan sy gedeeltes wat bykom bysit, en hy sal dit aanstuur na SANAP toe en wat SANAP dan daarna doen of na wie dit ook al toe moet gaan.

**V** So as *chief scientist* het jy nie direk met SANAP gewerk, noodwendig nie, jy het geskakel. Het jy?

**A** Ja, as jy daar onder is werk jy direk met hulle, jou *progress meetings*, gewone *meetings* net om te sien waar staan ons met die oorname, wat moet nog gedoen word, dit word direk met SANAP se...

**V** En die vooraf reëlings, moet jy dit met SANAP se...

**A** Vooraf reëlings, voor die tyd voor ons ’n oorname doen word daar meetings in die Kaap gehou wat ge-*host* word deur SANAP waar al die relevante partye bymekaar kom . Maak nie saak wetenskaplik, logistiek, PPD, almal.

**V** Maar, die eerste jaar wat jy op oorname was, was daai vergaderings was in Pretoria gewees. Ag, die eerste keer wat jy *Chief Scientist* was.

**A** Nee, was in die Kaap.

**V** Wanneer was jy vir die eerste keer *Chief Scientist*?

**A** 2003

**V** 2003. Was die vergaderings toe alreeds in die Kaap? So 2003 was jy *Chief Scientist* en toe was die vergaderings in die Kaap gewees?

**V** En dit was die gewone *planning meeting* net met SANAP. Jy het nooit, daar was nie ’n tipe, hoe kan ek sê, South African Committee for SCAR of so iets waarvoor jy moes verslag lewer nie?

**A** Nee. Glad nie.

**V** Glad nie. Okay. En wat is die moeilikste ding om te reël as *Chief Sceintist*? Wat is die grootste uitdaging? Laat ek dit liewers so stel.

**A** Die grootste uitdaging? Ek sou sê in die eerste plek om almal *happy* te hou, is die grootste uitdaging, en dan natuurlik om die projekte op die regte tyd af te lewer. Daar’s sekere projekte wat afgelewer en getoets moet word en dis nie altyd moontlik nie want jy moet ’n balans trek tussen toerusting wat gebruik moet word vir logistiek in terme van instandhouding van die basis en dan vir navorsing. So jy moet kan prioritiseer tussen wat is nou die belangrikste van die dag.

**V** Die wetenskaplikes wat saamgegaan het; dit was ’n groep geoloë, ’n groep magnetie- wel ruimtefisici en was daar oseanograwe saam?

**A** Nie op daai gedeeltes wat ek gekoördineer het nie.

**V** So jy het nie oseanograwe gekoördineer nie? En Weerburo mense? Onder wie het hulle geval?

**A** Ja, soms... Soms het die Weerburo onder ons geval, ander kere nie. Ons het maar, ek weet twee keer wanneer ek dit gedoen het, het hulle onder ons geval.

**V** Twee keer van die hoeveel keer wat jy dit gedoen het?

**A** Drie of vier keer.

**V** Wat jy die *Chief Scientist* was?

**A** Nou moet ek eers tel, ja dit was vier keer.

**V** Van daai vier keer het hulle twee keer onder jou geval. En daai ander kere was daar weerburo mense saam of...

**A** Ja. Kyk, dit hang af wat is die tipe van senior persoon wat afgaan, soos as JR afgegaan het, dan het hy die Weerburo verteenwoordig in hierdie *progress meetings*. So dit het nie gegaan oor wie is baas van wie nie. Dit het net gegaan dat die werk moet gedoen word.

**V** Die *progress meetings*, hoe gereeld het julle hulle gehou?

**A** Elke Vrydag.
**V** Elke Vrydag? Was dit met al die oornames so gewees?
**A** Met al 4 oornames. Weekliks, ja.
**V** Kan jy onthou wanneer Henry direkteur geword het?
**A** Nee.
**V** Kan jy nie daai skuif onthou nie?
**A** Nee, dit moes baie kort gewees het, net na 2000.
**V** Want sedert jy betrokke was as 'n spanlid. Was hy...
**A** Wel toe ek spanlid was, deel van die span was, was hy al direkteur gewees.
**V** Direkteur gewees?
**A** So dit moes, as ek korrek is, tussen 2000 en 2002 gewees het.
**V** Wanneer is jy af vandat die Troll-basis klaar is, of was dit toe jy al vir *Outside* gewerk het?

**A** Nee. Dit was 2004, 2005 rond gewees toe hulle hom geopen het
**V** 2004, 2005. So jy was daai jaar...
**A** Sal vir jou moet seker maak daarvan.
**V** Jy was daai jaar *Chief Scientist* gewees?
**A** Ja.
**V** As *chief scientist*, het jy Troll-basis toe gegaan ook?
**A** Ja. Ons het Troll-basis besoek, ja.
**V** Het die koningin ook na SANAE toe gekom?
**A** Ja, die koningin het, ons het haar by SANAE ontmoet. Sy het SANAE toe gekom, ons het 'n *presentation* gegee van al die SANAP-navorsingsaktiwiteite wat daar is. Sy het haar grootkop van wetenskap ook daar gehad, 'n jongerige outjie, 22 jaar oud. En ja. Ons het lekker data uitgeruil en idees uitgeruil.
**V** In die *meetings* vooraf, is die koningin se koms bespreek? In die *meetings* was julle gehad het voor julle afgegaan het?
**A** Ja
**V** Is daar spesiale veiligheidsmaatreëls gewees? Watse protokol moes julle volg?
**A** Kyk, in die *progress meetings* hier in Kaapstad was dit genoem, dit was nog nie, as ek reg kan onthou, was nog niks vasgemaak nie. Oom Sam Oosthuizen was die oornamekoördineerder vir daai take-over gewees. Hoop ek is nou reg of was dit Angela.
**V** Dit sal maklik genoeg wees om seker te maak.
**A** Ek dink Angela was en Oom Sam was tweede in *charge* gewees. Maar in elk geval. Oom Sam het toe almal ingeroep en die nodige veiligheidsaspekte bespreek, dat jy nie haar mag nader nie tensy sy jou nader en daai tipe van goetertjies. Maar ek, persoonlik dink ek, toe ons haar ontmoet het was dit 'n *overkill* gewees. Sy was 'n baie aangename persoon, ja. Sy het na jou toe gekom en jou gegroet. Daar was niks...
**V** Was sy daar gewees met lyfwagte?
**A** Ja, ja. Maar nie, ek dink sy het een gehad. Een lyfwag gehad en 'n klomp wat haar getittewyd het die heeltyd. En dan daar was 'n paar van haar ministers wat ook saam was.
**V** Het hulle die basis kom inspekteer voor sy aangekom het, voor sy self ingekom het by die basis?

**A** Nee.

**V** Het die feit dat Suid-Afrika se basis op 'n Noorweegse *claim* is ooit ter sprake gekom?

**A** Nee.
**V** Nie? Het julle enigsins gepraat oor die Suid-AfrikaNoorweë *link* aan Antarktika?

**A** Wat bedoel jy presies met die *link*?

**V** Het, ek bedoel het julle gepraat oor samewerking, het julle gepraat oor die feit dat die basis by [Queen Maud Land] is wat die oorspronklike Suid-Afrikaanse program basis oorgeneem het by Noorweë ?

**A** Kyk die basis...

**V** Enigsins van, iets van daai geskiedenis genoem?

**A** Nee, nee. Nie waarvan ek weet nie.

**V** Nie ter sprake gekom nie?

**A** Nee. Nie in my gesprekke nie.

**V** Okay. En ook nie in die vorige gesprekke nie?

**A** Nee.

**V** Nie in die *progress meetings* of so nie?

**A** Nee.

**V** Wat is aan julle gesê moet julle doen? Behalwe nou julle moet haar nie nader nie, het die basis spesiaal skoongemaak voor die tyd of...

**A** Ja, ek dink daar was bietjie, kyk, die algemene skoonmaak van die basis is ’n daaglikse ding wat gebeur. So elke ou het sy dagtake om die basis skoon te maak. Daar was, ja, daar was spesiale voorbereiding vir haar getref in terme van kos en ekstra skoonmaak. Ja dit was verseker gedoen.

**V** Hoe lank was die koningin daar gewees?

**A** Ek dink 8 ure. Plus minus.

**V** 8 ure? En het julle haar toe weer gesien op die Noorweegse basis? Of...

**A** Nee.

**V** Toe nou nie weer nie.

**A** Nee.

**V** Sy het ingevlieg van Kaapstad af? Weet jy dalk?

**A** Ja. Sy sou van Kaapstad af ingevlieg gewees het, ja.

**V** Wat is die grootste uitdaging om met wetenskaplikes te werk, as ’n koördineerder?

**A** Akkuraatheid. Wetenskaplikes is nogal redelik akkuraat in terme van omdat hulle akkurate data oplewer. So en dan ek dink om hulle die korrekte logistieke ondersteuning te gee, vat nogal,want ’n wetenskaplike het ’n sekere idee hoe ’n ding opgestel moet wees en moet lyk en dis nie altyd tegnies moontlik nie. So om daai middeweg te vind is ook nogal party keer ’n *challenge*.

**V** Hoeveel beamptes van Departement van Omgewingsake was, was daar meer beamptes van Departement van Omgewingsake by gewees die jaar wat die koningin afgekom het?

**A** Nee. Ek dink nie so nie.

**V** Nie meer as gewoonlik nie?

**A** Ek dink dit was standaard. Alhoewel,dat ek kan nou nie nou onthou wie dit was nie, maar daar was 2 Suid-Afrikaanse ministers ingevlieg .

**V** Vir hierdie opening. En het daai ministers met lyfwagte gekom?

**A** Nee.

**V** Glad nie?

**A** Jy moet verstaan dis Antarktika. Daar word nie gesteel nie. Daar is nie inbrake nie. Daar is niks wild nie. Daar is nie enige veiligheidsrisiko’s daaronder behalwe die mense wat jy afvat nie.

**V** Ja.

**A** So .

**V** Wat dink jy was die grootste uitdaging van die Antarktiese omgewing vir die beoefening van wetenskap?

**A** Die grootste uitdaging? Ek sou se finansies. Ja nee. Ek glo SANAP is ge-*commit* tot om wetenskap te bevorder. Die logistiek daaragter is definitief ge-*commit* daarin. Ek dink die finansies is die

grootste probleem.

**V** Nou hoeveel oorname het jy nou al in totaal geloop? 6? 7? Kan jy onthou?
**A** Wel uitsluitend hierdie ene nou vir die Duitsers, my sewende een ja.
**V** Raak Antarktika ooit oud?
**A** Nee. Nee daar is altyd iets nuuts was jy kan ontdek, ontgin in Antarktika. Dis...
**V** Soos wat?
**A** Nuwe plekke, nuwe ervarings... Ja. Dis basies dit.
**V** Hoe sou jy Antarktika beskryf?
**A** *Peaceful*. Ek dink – ek dink vir enige persoon wat nie weet wie hy is nie en homself nog nie gevind het nie, sou ek met die grootste vrymoedigheid ’n jaar aanbeveel . Daar is genoeg geleentheid om stil te raak en jouself te ondersoek, te deursoek en te verander.
**V** Wanneer het jy betrokke toe geraak by Outside?
**A** In 2007.
**V** 2007? Spesifiek met die afbreek van Troll, ag van...
**A** Nee. Dit was spesifiek met die oprigting van Halley 6.
**V** Van Halley 6?
**A** Ja.
**V** Nou hoe vergelyk, want jy is iemand wat regtig nou al ’n paar van die basisse gesien het, nou hoe vergelyk die opset van SANAE teen die opset van Halleybay en Troll in terme van konstruksie, a) - so half ’n fisiese eerste oog-opslag maar b), ook in terme van die samestelling van die groep, van die span van die manier hoe hulle beleide gevorm word.
**A** Kyk, as ons kyk na konstruksie en die basis self is Suid-Afrika op SANAE dan hou baie gevorderd. Die span en die opleiding en die logistiek daaragter dink ek kort daar bietjie. As jy kyk na die Duitsers se opstelling is hulle baie meer ingerig vir hierdie tipe van logistiek. Hulle het die geld wat seker die grootste aspek is.
**V** Nou wat doen hulle anders?
**A** Al hulle wetenskaplikes, meeste van hulle personeel wat nie tegnies is nie, word ingevlieg. Menende jy kry maximum tyd vir jou navorsing ongeag in watse veld jy nou mag wees. Toerusting gewys is hulle eenvoudig ons maar net ’n kort koppetjie voor, maar as ek nou dit kan deurtrek na die voertuie voel dit vir my ons voertuie in terme van die gewig wat ons kan sleep, is ons hulle weer voor. Want hulle voertuie kan maar in minimaal sleep. So dit is maar ’n opweging teen die ander, maar ek dink verseker daar is ander lande wat ons voor is en ek is seker daar is, ons is ’n paar ander lande voor.
**V** By die Duitse basis, by Troll, by Halleybay, is daar ondersteunende personeel? Sê nou maar byvoorbeeld by Troll, wat daar is net om kos te maak en die basis skoon te maak, of dink jy hulle het ’n soortgelyke sisteem as Suid-Afrika waar almal maar *skivvy duty* doen en kosmaak?
**A** *Yes*. Nee. As ons nou praat van die oorname, die oornames is basies dieselfde. Die oornames is daar *dedicated chefs* wat kook en gedurende die oorname is dit maar almal wat skoonmaak. Gedurende die jaar het die Duitsers ’n *dedicated chef* wat net kook sodat die ander mense hulle dagtake kan verrig.
**V** En jy weet nie van Troll of Halleybay nie?
**A** Nee, ek is nie seker van Troll nie. Halley het ook ’n *chef*, ja.
**V** Wel, hoeveel mense huisves Halleybay oor ’n winter?
**A** Ek is nie seker nie.
**V** Meer as 20?
**A** Nee, dis onder die 20.
**V** Maar meer as 10?
**A** Ja, dis meer as 10 onder die 20’s, so 14, 15 so skat.

**V** So,

**A** En in die selfde geval is dit by die Duitsers.

**V** En jy weet ook nie van Troll nie?

**A** Nee. Troll is ek nie seker oor nie.

**V** Okay. Hoe as jy nou vir my, ek weet nie of jy dit nou mag sê nie, maar as jy nou sommer ’n *ballpark figure* kan gee, hoeveel kos dit om ’n Antarktiese basis vir ’n jaar te bedryf?

**A** Sjoe, sjoe, nee, ek weet nie.

**V** Hoeveel kos ’n Antarktiese basis, se bou?

**A** Wel. Halley, op die laaste *figures* wat ek kan onthou, ek Halley-basis was 50 milljoen pond. Ek kan nie onthou hoeveel SANAE was nie, en ek is ook nie doodseker oor Neumayer op hierdie stadium is nie.

**V** Gaan *Outside* hierdie jaar weer saam?

**A** Nee. Ons stuur , on stuur ’n klein span af net vir die finale werke wat op die nuwe E-basis gedoen moet word

**V** Waar is die E-basis?

**A** Hy staan omtrent so 8 kilo’s van die Neumayer 3 stasie af.

**V** Hoeveel kilometer van SANAE af?

**A** So 300 plus 330 kilo.

**V** So met ander woorde as SANAE se mense die E-basis moet gebruik moet hulle 300km daarna toe?

**A** Ja.

**V** Met Cats ry? Ski-doo’s?

**A** Cats, ja of Challengers om meer spesifiek te wees. Die idee van die E-basis is dan, dit dien ’n dubbeldoel. Dit is ’n *emergency base* maar dis ook ’n logistieke basis gedurende die somer. Menende al die *cargo* en goed vir die jaar word daar afgelaai so jy het personeel nodig wat daar moet bly om dan dit te hanteer.

**V** Is dit in samewerking met Neumayer gebou?

**A** Ja. Dis in samewerking met Neumayer en in samewerking met ALCI (Antarctic Logistics Centre International). ALCI is die Russiese maatskappy wat die vlugte hanteer Antarktika toe.

**V** Is ALCI die Russiese maatskappy? So waarnatoe vlieg Dromlan (Dronning Maud Land Air Network) dan? Hoe werk dit dan?

**A** Ja. Kyk daar is twee *runways*. Een wat Troll toe gaan, en een wat Nova toe gaan.

**V** Ja.

**A** En ek is volgens my vlieg ALCI Troll toe op hierdie stadium.

**V** Okay, so dis dan in samewerking gedoen, dis internasionale samewerking?

**A** Ja.

**V** Ja. Maar onder wie se jurisdiksie val E-B*ase* dan?

**A** Die *base* sou ek sê val onder SANAP.

**V** Dit val onder SANAP. Wanneer het hulle daar begin gehou?

**A** Die begin van die jaar.

**V** Die begin van die jaar? O so dis ’n vinnige konstruksie?

**A** Ja wel die span wat ons die begin van die jaar afgevat het, het in 50 dae die ou E-basis, Neumayer 2, afgebreek en die nuwe E-basis gebou.

**V** Waar kry julle, julle werkers? Die mense was fisies die breekwerk en bouwerk gaan doen?

**A** Dis privaat-ouens. Van hulle het, werk vir konstruksie maatskappye, van hulle het vorige ondervinding met die bou van SANAE IV, en ander het ons gekies, bloot uit ondervinding uit vir hierdie afbreek-sessie wat ons nou gedoen het.

**V** Maar waar, hoe keur julle, is daar, keur julle, julle werkers anders as wat julle mense sal keur om 'n fabriek te bou in Gauteng?

**A** Ja, nee. Absoluut.

**V** Waarvoor soek julle?

**A** Jy soek 'n ou wat selfstandig is. Wat weet wat hy doen in term van sy van wat sy ambag ook al is, en dan outomaties 'n *team player* kan wees.

**V** Word hulle meer betaal?

**A** As wie?

**V** As konstruksiewerkers in Suid-Afrika.

**A** Ja

**V** Word hulle in Dollars betaal?

**A** Nee, nee. Hierdie is 'n kontrak wat ons gekry het van SANAP af maar via, van die Duitsers af via SANAP. SANAP het opgetree as ons *principal agent*.

**V** Is daar 'n maatskappy, 'n privaat maatskappy in Suid-Afrika wat met hulle kompeteer? Op gebied van Antarktika?

**A** Nee. Daar is verseker nie. Daar is wel konstruksie maatskappye of maar vervaardigingsmaatskappye wat onder ons geval het, wat ek sou sê ons naaste kompetisie sal wees. As daar nou kompetisie moet wees. Maar in Suid-Afrika, nee.

**V** So is daar PWD mense wat weg is by sê nou maar DOW of PWD of MPW wat ook al dit nou is, wat na julle toe as privaat maatskappye gaan? As julle, want ek skat julle is privaat sektor.

**A** Ja. Nee.

**V** Nie?

**A** Nee.

**V** Maar sal julle soms onder hulle uitkontrakteer?

**V** Hoe het julle betrokkenheid by Marion, jou spesifieke betrokkenheid by Marion gewerk?

**A** Ek het nie eintlik betrokkenheid op Marion op hierdie stadium nie, behalwe die laaste koördinering wat ek nou op hierdie stadium doen in samewerking met Hennie Stassen. So finale afwerking van Marion. Glas, finale torings, daai tipe goed. So nee, ek het nie...

**V** Hoekom is die basis klaar gebou in 2000 en wat was dit? 7? So iets. En hoekom is hy nog nie oop nie?

**A** Ek weet nie. Daai vraag sal julle vir Hennie moet vra. Volgens my kennis was dit finansiële omstandighede wat dit nie toegelaat het nie.

**V** Was jy al self Marion toe?

**A** Nee. Ek was nog nie.

**V** Dink jy jy sal betrokke raak?

**A** Nee.

**V** Nie? Wat weet jy van Gougheiland? Gaan hulle iewers daar 'n nuwe basis daar bou?

**A** Dit is seker, dit is sekerlik in die pyplyn. Want volgens dit wat ek weet moet hy op 'n stadium vervang word, ja. Maar nee,ek het nie enige inligting oor daai op die stadium nie.

**V** Wat dink jy van, wat is die nut daarvan dat Suid-Afrika soveel miljoen Rand spandeer aan 'n Antarktiese basis?

**A** Sjoe wat die nut daarvan is, is waaroor dit gaan. Dis navorsing.

**V** En wat is die nut van die navorsing?

**A** Die nut van die navorsing is net soos wat die ouens in Suid-Afrika 'n voorspelling kan maak van die weer, is wil daar, of wel moet hulle 'n voorspelling op 'n stadium kan maak van wat in die buitenste ruimte aangaan. En dis hoekom Antarktika die geskikste area van navorsing is. Juis oor

waar hy, omdat jou magnetiese velde loodreg daar inkom, omdat jy ’n *open window* het na die buitenste ruimte toe. Omdat daar geen loodregte invloed is nie. En dan die ander ding van Antarktika, daar was nog nooit enige menslike invloed, behalwe dit wat nou deur die Treaty goedgekeur word nie. So dit maak dit ’n baie goeie navorsingsveld volgens my.

**V** Wat dink jy van toerisme in Antarktika? Vanaf Kaapstad af?

**A** Jy sien die ding is, soos ek nou-nou gesê het, jy wil jou *environment* skoon hou vir, vir navorsing. Ek dink toe-, ja ek gun enigiemand om Antarktika toe te gaan, want dis ’n belewenis op sy eie, maar ek dink dit moet net baie streng gebeheer word.

**V** Baie dankie.

**A** Plesier.